

Twee meesters gesels

Aucamp

en

Hugo

DR. FRANCOIS VERSTER

Korrespondent

Saterdag 6 Maart 2010: 'n besondere dag by Protea Boekwinkel op Stellenbosch - daar is nie plek vir 'n baba-muis nie, want twee van Afrikaans se swaargewigte is daar. Daniel Hugo is die gespreksleier en Hennie Aucamp is sy gespreksgenoot. Ek en my metgeselle sit plat op die grond agter die twee here, want dis al genade. Ek loer so tussen Isabel Allende en Umberto Eco deur, maar sien net Aucamp en Hugo se nekke, en dit van agter. Gelukkig is Pierre Rossouw van onse Museumdienste daar met sy kamera.

Hugo trek toe los met sy *Bourneville Dark*-stem en betitel Aucamp as sy 'Leermeester'. Hy vra Aucamp oor die feit dat sy bundel **Die huis van die digter en ander liefdesverhale** (waaroor die gesprek eintlik gaan, maar almal is daar om Hugo en Aucamp te sien) die eerste een is wat liefde as sentrale tema het. Aucamp antwoord dat hy nie eens besef het hy skryf oor liefde nie en dat liefde vir hom nie die begrensing van 'n genre is nie - liefde kom immers algemeen voor in meeste verhale. Hy vertel dan van sy plattelandse jeug en dat plaaskinders al alles van hoere en heiliges weet op sestien, aldus Van Wyk Louw. Die twee gespreksgenote haal inderdaad baie aan uit die werke van ander grotes van ons taalmilieu, soos dit goedbelese mense met 'n sterk akademiese agtergrond betaam. Aucamp praat op 'n ligte, vriendelike trant en as sodanig is hy 'n goeie kontras vir die meer saaklike Hugo. Wat nog saakliker word toe iemand se selfoon skielik afgaan. Daar is 'n frenetiese gegrawe in 'n handsak en die mense is eers geskok, en giggel toe effens tussen die luitoon van 'Nkosi sikelele' iAfrica' deur, maar Aucamp behou sy humorsin en gaan ongestoord voort. Hy beweer hy het grootgeword met Hans Christian Andersen, wat dalk goed is, want alle kinders behoort vroeg kennis te maak met onvervuldheid. Mooi eindes is immers vals en skep naïewe verwagtinge van 'n mensdom wat tog wel 'n baie donker kant het. En die verhale in hierdie bundel het ook soms donker ondertone (op 'n sensoriese vlak: amper soos Hugo se stem).

Die eerste twee stories het my nogal geskok, want die verkragtingstema laat dit lyk asof die skrywer wil voorgee dat vrouens so desperaat vir liefde kan wees dat hulle verkragting in ruil daarvoor (in die eerste verhaal - van die boek - in elk geval tevergeefs) sal aanvaar. En daar is

'n mate van surrealisme amper dwarsdeur die boek wat talle lesers sal veronhuts of minstens verwar. Die verhaal *Droë meer* is tipies hiervan. Aucamp verduidelik dat dit by hom 'aangekom' het die oggend toe hy van professor Elize Botha se dood gehoor het. Die feit dat beide Aucamp en Lina Spies (sien) na Botha verwys het laat mens weer onder die indruk van watter groot *presence* hierdie vrou gehad het. Aucamp sê die verhaal is 'n metafoor vir 'n era wat verby is. "n Vreemde verhaal," sê Hugo stadig en Aucamp knik: 'Ja, dit is vir my ook!' Die bundel moet gelees word in die volgorde wat die verhale opgeneem is - dis 'n goedgekonstrueerde konsertprogram, aldus Aucamp. Hugo vra uit oor die biografiese elemente van verhale soos die titelverhaal *Die huis van die digter* (my gunsteling) en *Kouekoors* (nie een wat ek geniet het nie - het self malaria gehad; dalk daarom).

Mens kry die gevoel dat Aucamp op die stadium van sy lewe gekom het - ook hy is een van die 'Sewentigers' wat Spies dalk nie wil wees nie - dat hy voel nou kan hy maar skryf wat hy wil, en as dit soms skok, ook goed. Eintlik méér as goed. Toe African Sun Media onlangs hul boekwinkel in Stellenbosch oopgemaak het, was ek heel eerste daar en ek kon toe 'n boek kies as geskenk. Ek het 'n **Skrywer by sonskopskoms** (2004) gekies wat oor Aucamp se werk handel (samestellers: Lina Spies en Lucas Malan), want ek is 'n groot aanhanger van die groot jintelman van die Afrikaanse skryfkuns. Daarom sê ek versigtig en met spyt: hierdie nuutste bundel laat my onrustig voel. Ek dink nie dit was een van die Leermeester se beste pogings nie. Sy 'n **Vreemdeling op deurtog** (2007) was, dalk juis weens die outobiografiese inslag, tog soveel meer bevredigend. Nogtans was dit 'n eer om in sy teenwoordigheid te kon wees, sarkastiese *ringtones* ten spyt. Ek hoop sy volgende werke - oor jeugverhale en onderhoude - is gou verkrygbaar. Die grotes word uiteindelik onthou vir hulle meesterstukke.



(Lnr): Hennie Aucamp en Daniël Hugo